



## Skeppende Kunste – Graad 9

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood (sien voorbeeld 1 hieronder). Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (sien voorbeeld 2 hieronder).

Voorbeeld 1:- 

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

Voorbeeld 2:- 

4.	a	b	c	d
----	---	---	---	---

### Dans



- 'Dans' kan beskryf word as .....**
  - ekspressiewe of ritmiese beweging van die liggaam vir vreugde en vermaak.
  - die skep van tweedimensionele silhoeëfigure op papier.
  - die skep van statiese driedimensionele voorwerpe in klei, staal of hout.
  - die gebruik van die stem of instrumente om aangename klanke voort te bring.
- Aan die begin van 'n dansles erken professionele dansers hul onderwyser as 'n vorm van .....**
  - 'n tutu.
  - respek.
  - sentrering.
  - 'n basiese figuur.

- Dansers kan beserings voorkom deur .....**
  - nie op houtvloere te dans nie.
  - gevaarlike dansbewegings soos tol en spring te vermy.
  - 'n lyfkous te dra.
  - opwarmingsoefeninge te doen voor 'n dans ge oefen of opgevoer word.

Die term vir die aanvangopwarmingsoefeninge van 'n ballet klas is 'barre'.

- Gedurende 'barre', sal die danser .....**
  - oor balke in die middel van die ateljee spring, soos 'n hekkiesresies.
  - 'n warm drankie, soos koffie, drink.
  - begin deur een hand op 'n houtbalk wat aan die muur vas is, te laat rus, terwyl die teenoorgestelde been ge oefen word.
  - warmwaterbottels op sy/haar spiere plaas om hulle op te warm.

- Briekdansers word dikwels .....** genoem.
  - moderne dansers
  - pousedansers
  - rammelaars
  - 'B-boy' en 'B-girls'

Choreografe wat onderrig in 'n Hip-hop dans gee, sal dikwels die aksie wat hulle onderrig, in tellings opbreek. Hierdie tellings word later saamgestel om die dans te word.

- Wat is die algemeenste aantal tellings wat in 'n enkele aksie gebruik word?**
  - 8
  - 10
  - 12
  - 14

- Watter van die volgende terme beskryf 'n vloeiende dans wat in pare gedoen word, gekenmerk deur stygende en vallende bewegings, dikwels op maat van klassieke musiek?**

- 'n Rubbersteweldans.
- 'n Hip-hop.
- 'n Boeredans.
- 'n Walser.

- Wat beteken die term 'styging' in die konteks van dans?**

- Die vermoë om hoog in die lug op te spring, en die indruk te skep van bewegingloos hang by die hoogtepunt van die sprong.
- Die gepaste musiek wat die dans begelei.
- Die pragtige kostuums wat deur 'n danser gedra word.
- 'n Sterk kollig op die hoofdanser.



- 'n Manlike balletdanser word 'n danseur genoem, en 'n vroulike balletdanser word 'n .....** genoem.

- ballerina
- ballerina
- B-meisie
- dansmeester

Die Domba is 'n tradisionele Vendadans waarin dansers die bewegings van 'n luislang mimeer.

- Wat beteken die term 'dieremimiek'?**

- Die dansers beweeg soos die dier wat die dans geïnspireer het.
- Die dans is kort.
- Die dans is gevaarlik.
- Die dansers staan stil soos 'n standbeeld.



'n Danser fokus sy/haar oë op 'n punt terwyl hulle tol, om te verhoed dat hulle lighoofdig raak.

- Ons noem dit .....**

- stipkyk.
- snelpasdans.
- salsa.
- zumba.

In baie dansvorms maak 'n vroulike danser 'n seremoniële buiging aan die einde van 'n vertoning.

- Wat is 'n 'kniebuiging'?**

- Waai vir die gehoor.
- Laat sak die kop en buig die knie.
- Haar hande klap.
- Oor die verhoog hardloop.

**Drama**

13. Voor 'n repetisie behoort 'n akteur altyd .....

- (a) iemand te vra om 'alles van die beste' te sê.
- (b) foto's wat 'kopskote' genoem word, te neem om oudisies te kry.
- (c) handtekeninge uit te deel vir sy of haar aanhangers.
- (d) die liggaam en stem op te warm met opwarmingsoefeninge.



14. Hoekom word verhooggrimering donkerder aangewend as gewone grimering?

- (a) Grimering beskerm die vel teen verhoogligte.
- (b) Die grimering vervaag soos die akteurs beweeg en sweet gedurende die vertoning.
- (c) Die helder verhoogligte verdring van die grimering se kleur en die akteurs is op 'n afstand van die gehoor.
- (d) Die akteurs betaal nie vir hul grimering nie en hoef dit nie spaarsaam te gebruik nie.



Die Suid-Afrikaansgebore aktrise, Charlize Theron, het al baie verskillende karakters vertolk. Die foto's links is van sommige van die verskillende rolle wat sy al vertolk het.

15. Vir elke rol moet Charlize Theron .....

- (a) plastiese snykunde ondergaan.
- (b) kies om slegs karakters te vertolk wat soos sy lyk en optree.
- (c) 'n dubbelganger hê.
- (d) professionele grimeerkunstenaars, prostetika en pruieke hê en die manières van die divers karakters wat sy speel, mimeer.

Wanneer akteurs hul woorde vergeet, maak hulle soms hul eie woorde op om die toneel te laat voortgaan.

16. Die term vir hierdie opgemaakte woorde is .....

- (a) 'ad lib'.
- (b) 'onprofessioneel'.
- (c) 'resonansie'.
- (d) 'ekstrem'.

As 'n akteur siek word, kan sy rol deur 'n ander akteur vertolk word wat ook vertrou is met die dialoog.

17. Hierdie akteur staan bekend as die .....

- (a) instaansteller.
- (b) rugsteuner.
- (c) altydige akteur.
- (d) laat teksleerder.



18. Wat is die belangrikste elemente wat 'n akteur gebruik om 'n karakter uit te beeld?

- (a) Die akteur se manipulasie van sy/haar stem en liggaam.
- (b) Die gehoor en sosiale media.
- (c) Resensies en bemerking.
- (d) Die agterdoek en rekwisiete.

19. Wat is 'straatteater'?

- (a) Broadway-opvoerings.
- (b) Tonele wat in spesifieke stede geplaas word, soos 'Chicago'.
- (c) 'n Vertoning wat buite plaasvind.
- (d) 'n Opvoering deur selfopgeleide akteurs.

20. Wanneer kostuums vir 'n spesifieke periode ontwerp word, moet daar .....

- (a) reserwe kostuums wees.
- (b) navorsing gedoen word oor die modes van daardie tyd.
- (c) gemaklike materiale wees.
- (d) helderkleurige materiale wees.

21. Gedurende 'n verhoogopvoering behoort 'n akteur nie ..... nie.

- (a) hul rug vir lang tye op die gehoor te draai.
- (b) met ander akteurs op die verhoog oogkontak te maak.
- (c) 'n kort stilte gebruik om iets te beklemtoon.
- (d) hul stem te projekteer.



Akteurs gebruik postuur en gebare om te kommunikeer.

22. Dit word lyf ..... genoem.

- (a) wegsteek
- (b) taal
- (c) bou
- (d) neutraal

23. Die persoon wat 'n akteur se loopbaan bestuur deur oudisies te reël en oor kontrakte te onderhandel, word 'n ..... genoem.

- (a) beskermheer
- (b) verhooghelper
- (c) regisseur
- (d) agent

24. 'n Vertoning waartydens die akteur nie praat nie, maar slegs gebare gebruik om te kommunikeer, word ..... genoem.

- (a) rolspel
- (b) monoloog
- (c) mimiek
- (d) film noir

Leerders wat drama gestudeer het maar nie akteurs word nie, kan hul dramakennis in normale loopbaanuitdagings gebruik.

25. Dit sluit in .....

- (a) om met 'n normale tempo en toonhoogte te praat om tydens 'n werksonderhoud selfversekerd voor te kom.
- (b) om hul stem gedurende 'n vergadering te projekteer en hard en duidelik te praat.
- (c) om kalm voor te kom gedurende 'n stresvolle onderhandeling.
- (d) Al bostaande.

